Wat kos dit jou om Jesus te volg?

**"Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe."**
1 Petrus 2:11

Paulus self bly 2 Korintiërs 4:8
**"...ons is oor raad verleë..."**

Jeremia 17:9
**"Die hart is bedriegiker as enigiets anders, hy is ongeneeslik, wie kan hom verstaan? Ek die Here, deurgrond en toets hart en verstand."**

Kies in jou kop om God te dien.
Daar is lekker plekke om te bly.
Maar daar is 1 ding belangriker.
Wees 'n lekker mens.

**amen.**

Here,
leer my dat daar 'n beter ding is as al die paspoorte van die wêreld, om Jesus te volg.

ccx



# Bly of Ry

wêreldvisie: "...**Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.**" Matteus 28

God is internasionaal
Hy is by jou
oor die hele wêreld
tot die einde van die wêreld
dit moet jy onthou
:19 **gaan dan na al die nasies toe**

Psalm 3, wonderlikste Psalm
:5 **"As ek na die Here roep,**
**antwoord Hy my**
**van Sy Heilige Berg af."**

Dawid skryf dit, nadat hy emigreer het, hy het gevlug hy gooi nie meer klippe na die reuse nie, hy vlug vir sy kind Absalom, wat hom wil vermoor, Dawid gee pa uit die stad van God. Dan roep Dawid tot God, hy bid, uit die veld uit, na die Heilige Berg, Jerusalem, want God is nog in Jerusalem. God is nie weg as moeilikheid hier is nie. Die moordenaar bly in Jerusalem. God ook. Jy ook?

en onthou intussen, en hier:

2 Korintiërs 5:17 + 1 Korintiërs 6 : 20
julle behoort nie aan julleself nie
**"julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggame verheerlik."**
ek kan nie dink wat ek wil nie
ek kan nie doen wat ek wil nie
ek kan nie bly waar ek kan nie
ek kan nie koop wat ek kan nie
as ek sê ek glo in Jesus Christus
en ek dra 'n kruis om my nek
dan moet ek die implikasie daarvan bereken,

Lukas 14 sê
**voor jy die Here volg**
**moet jy bereken wat die koste gaan wees**

Filippense 3: 20
**"Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag."**
jou Burgerskap is meer as Walmer
jou Reisdokument is oor jou grensies en tyd,
life and times.

Die vroeë Christeleike kerk het gestaan en geval op 'n paar baie basiese beginsels,
- Jesus het gesterf en
- Hy het opgestaan, +
- daar is lewe, wat aanhou anderkant die dood.

daarom dat Paulus in 2 Korintiërs 4 : 16 skryf
**"om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.", "ons oog is op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."** 2 Kor 4:18b



2 Tim 4 : 7
**"Ek het die goeie wedloop afgelê;**
**ek het die wenstreep bereik;**
**ek het gelowig end-uit volgehou."**

:8
**"Nou wag die oorwinnaarskroon vir my"**
Ons vertrou God vir die ewige lewe.
Ons vertrou God ook vir hierdie lewe.
Snaaks dat mense glo hulle gaan hemel toe
maar hulle wil nie hemel toe gaan nie. Die gebed is baie keer dat die Here ons van die dood sal bewaar.

**hier woon ek in 'n tent**
2 Korintiërs 5

Markus 8 : 34

**"As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem, en My volg, want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou."**

# Will you take everything that defines you and trade it up for Jesus?